

SOLIDARITEIT BEROEPSGILDE VIR PROFESSIONELE REGSLUI

KOMMENTAAR OP KONSEP TAALBELEID VAN DIE REGSPRAKTISYNSRAAD

1. INLEIDING:

- 1.1 Die Solidariteit Beroepsgilde vir Regslui (“die Regsgilde”) is ‘n vrywillige beroepsvereniging gevestig vanuit Solidariteit en verteenwoordig talle prokureurs, advokate, akademici, en regsadviseurs as lede. Die Regsgilde staan verbind, onder andere, tot die bevordering van veeltaligheid soos die Grondwet van die RSA vereis en die handhawing en die bevordering van Afrikaans in die regsberoep as geheel.
- 1.2 Hierdie kommentaar op die konsep taalbeleid van die Regspraktisynsraad word gedoen tesame met die Vereniging van Regslui vir Afrikaans (“die VRA). Die VRA het vantevore ‘n hersieningsaansoek teen die Regspraktisynsraad (“die Raad”) gebring na aanleiding van die kennisgewing van Maart 2019 wat bepaal het dat prokureur-akte-en-notariële toelatingseksamens slegs in Engels sal geskied.
- 1.3 Op 20 Desember 2019 het die Raad kennis deur middel van hul prokureurs gegee dat die saak nie verder geopponeer sal word nie. Daarvolgens is die aflê van prokureur-akte-en-notariële toelatingseksamens in Afrikaans weer herstel en sal dit so moet voortgaan.
- 1.4 Die Regsgilde saam met die VRA is belanghebbendes wat betref die aanneem van ‘n taalbeleid deur die Raad.
- 1.5 ‘n Vertaalde weergawe van hierdie kommentaar in Engels sal ook hierna gedoen word en aan die Raad gestuur word.
- 1.6 Dit is uit ‘n grondwetlike oogpunt noodsaaklik dat die Raad as staatsorgaan en statutêre reguleerder van die beroep van regspraktisyns (advokate en prokureurs) die leiding neem met die uitdaging van ‘n meertalige Suid-Afrika en sy diverse taaldemografie soos wat die Grondwet dit vereis, en nie die verantwoordelikheid

ontduik met 'n simplistiese en gerieflike eentalige Engelse benadering nie. Dit is 'n regressiewe stap in plaas van 'n progressiewe stap. Dit sal nie in die regsberoep, die publiek, die howe en die breër staat se belang wees nie.

- 1.7 Uit die staanspoor moet daarop gewys word dat daar geen voorafgaande empiriese studie of navorsing gedoen is alvorens die konsep taalbeleid ontwikkel is nie. Hier moet daarop gewys word dat die Regshulpraad enkele jare gelede 'n volledige ondersoek gedoen het alvorens dit 'n taalbeleid aangeneem het. Ons vestig graag die aandag daarop dat die Regshulpraad (Legal Aid Board) wat se taalbeleid in die Staatskoerant gepubliseer is onder die verwysing: **BN 244 of 31 March 2017: Legal Aid South Africa: Language Policy (Government Gazette No. 40733)** vergelykbaar met die Raad se poging, baie meer omvattend, deeglik en professioneel was en 'n veeltal van grondwetlike bepalings in ag geneem het en 'n bona fide en eerlike poging was om meertaligheid in sy regsdiens aan die publiek te bevorder.
- 1.8 'n Duidelike gebrek in die Raad se benadering is dat provinsiale taaldemografie nie inaggeneem is nie veral as in aggeneem word dat die Raad veral ook deur middel van sy provinsiale strukture funksioneer. Alhoewel die konsep taalbeleid aan beginsels en die werklikheid van meertaligheid van Suid –Afrika erkenning gee, word dit uiteindelik bloot lippediens omdat die resultaat van die konsep taalbeleid en gevolge daarvan uiteindelik eentaligheid en Engels is, indien dit so as finaal aanvaar sou word. Weereens daarteenoor het die Regshulpraad beter grondwetlike gevolg gegee aan die uitdaging van die formelering van taalbeleid in 'n meertalige samelewing.

2. KONSEP TAALBELEID VESTIG ENGELSE OORHEERSING:

- 2.1 In paragraaf 1.4 van die inleiding tot die konseptaalbeleid word die volgende gestel:

“The LPC recognises that the legal practitioners and candidate legal practitioners who are regulated by it form part of the rich multicultural and multilingual tapestry of South Africa”.

Sootgelyke erkenning aan die beginsel van meertaligheid, taalregte en ook die vermyding van taaldiskriminasie en taaldominansie word gemaak in paragrawe 2.2.4.2, 5.2.1, 5.2.4, en die beginsels ook in pragraaf 5.3, en ook paragraaf 5.4.

- 2.2 Sonder om dan 'n poging aan te wend om die grondwetlike beginsel van meertaligheid toe te pas word dan heel teenstrydig met die voorafgaande in paragrawe 5.6, 5.7 en 5.8 die volgende gestel:

“The LPC’s policy is also informed by the fact that English is the language of record in court proceedings and the predominant language used in business international law and politics commerce and industry.

Accordingly, English is the language of record for the LPC at all internal and external communication will be in English.

The LPC hereby determines that its language of record shall be English”.

- 2.3 Dit beteken dat eksamens met die oog oop toelating van regspraktisyns slegs in Engels sal geskied. Dit sal verder tot gevolg hê dat alle praktiese regsopleiding slegs in Engels sal geskied. Dit doen ernstige afbreuk aan die bevordering van die meertaligheid in regspraktyk en die bediening van die publiek in ander tale as bloot in Engels. Dit breek ook die bestaande status en posisie Afrikaans af wat oor die bestek van 100 jaar ontwikkel het in 'n volwaardige wetenskapstaal en vaktaal in die regsberoep.
- 2.4 Die uitdaging wat die Raad behoort aan te gryp is nie om weg te neem nie maar om by te voeg terwille van die ontwikkeling en bevordering van meertaligheid.
- 2.5 Dit is verder eenvoudig verkeerd om dit as 'n feit te stel dat die taal van rekord van die howe Engels is. Dit is nog nooit so verorden deur enige direktief van die Hoofregter uit hoofde van sy bevoegdheid ingevolge die Wet op die Hooggeregshowe nie. Dit is ook nog nooit so beslis deur enige hof nie.

2.6 Verder het die Grondwetlike Hof onlangs in die saak van *Gelyke Kanse*¹ per Cameron R en per Froneman R die volgende gesê:

Per Cameron R :

“[48] Afrikaans has been recognised in this Court as “one of the cultural treasures of South African national life”. The flood-tide of English risks jeopardising the precious value of our entire indigenous linguistic heritage. Gelyke Kanse is entitled to invoke that risk. This is because the march of history both in South Africa and globally seems relentlessly hostile to minority languages, including Afrikaans, which is the mother tongue of some seven million on a planet inhabited by seven billion people.”

En verder (Per Froneman R) :

“[88] Without your own language, culture is lost, a sense of self is lost. And once that happens, diversity is lost. We will lose the belief set out in the Preamble of the Constitution “that South Africa belongs to all who live in it, united in our diversity”.

“[91]It became one of the few smaller world languages to be developed and then used as an academic language.

[92] An example is law. Textbooks were written in Afrikaans by Afrikaans legal academics that played an important part in the development of the law. Before 1947, only a few Appellate Division judgments were written in Afrikaans. Between 1947 to 1994 a greater number of judgments were written in Afrikaans particularly if it was the language of the parties. Since 1994, progressively fewer judgments have been written in Afrikaans. In this Court, three judgments have been written in Afrikaans and simultaneously translated into English. Maybe this one will be the last. That will be a sad ending and I hope it does not happen.

[93] As far as I am aware, not a single judgment of this Court has been written in any of the other official indigenous African languages.²

¹ *Gelyke Kanse v University of Stellenbosch* 2020 (1) SA 368 (CC)

² Belangrik egter is om daarop te let dat sedert hierdie uitspraak het die Hoogste Hof van Appél die voorbeeld gestel en ‘n nuwe fase ingelei waar sekerlik die eerste uitspraak ook in een van die amtelike inheemse tale

[97] And imagine a Constitutional Court where judgments are written not exclusively in English, but in a variety of the indigenous official languages, with simultaneous translations in English in the column next to it, as in the Canadian law reports. Would that not be an occasion for joyous celebration at first, before we embrace it, mundanely, as the accepted norm?

[98] Is that “reasonably impractical”? I do not think so. To say it inevitably is, will be to give up on part of our constitutional dream. We need not let it happen.”

- 2.7 Dit blyk dat die Raad uit voeling is met hierdie dele van die uitspraak van die Gronwetlike Hof wat duidelik toekomsgerig met betrekking tot die bevordering van meertaligheid op tersiêre vlak, die breër gemeenskap en in die howe.
- 2.8 Verder moet ook in ag geneem word dat die ten uitvoering te gee aan artikel 6 van die Grondwet is die Use of Official Languages Act, No 12 van 2012 aangeneem is en dat staatsdepartemente daarvolgens hulle taalbeleid moet formuleer en veral dan ook streeks taaldemografie in ag moet neem.
- 2.9 Die kantoor van die Hoofregter het ook ingevolge bogenoemde wet ‘n taalbeleid aangeneem wat duidelik die taal diversiteit en provinsiale taaldemografie in ag neem.
- 2.10 Verder weet ons ook dat wetgewing in minstens twee amptelike gedruk word en dat al die amptelike tale naas Engels so erken en bevorder word. Selfs nuwe wetgewing word ook in bepaalde gevalle tesame met Engels in Afrikaans gedruk en uitgegee.
- 2.11 Tot bogenoemde kan bygevoeg word dat regspraktisyns instaat behoort te wees om die meertalige verskeidenheid van die publiek te kan bedien wat net kan gebeur indien beide Afrikaans en Engels wat reeds ontwikkelde vaktale van die beroep gehandhaaf word (veral inaggenome) en daarbenewens ook ander landstale verder bevorder en ontwikkel word. Indien bv die gebruik van Afrikaans en Engels in Suid – Afrika as eerste taal , tweede taal en derde taal sprekers in ag geneem word, dan blyk die volgende volgens die werk : **"A History of South African Literature"** deur

die Poolse skrywer Jerzy Koch³, gepubliseer in 2015 word die volgende gesê op p. 13:

"Today, Afrikaans is the mother tongue of almost 6 million residents of the Republic of South Africa.⁴ This group includes coloured South Africans, white Afrikaners and a relatively small black population (under 100 000). (As these statistics indicate, such terms as "the Afrikaner language" or "Afrikaner literature" are misleading, for Afrikaners are not the only people to claim Afrikaans as their first language.) By contrast, English is the first language of just 3.4 million South Africans. When we compare the use of English and Afrikaans as a (second or third) foreign language, the disparity is levelled: 13 million white, coloured and black citizens of South Africa use Afrikaans⁵ and 13 million use English."

- 2.12 Die feit dat Engels internasionaal oorheers onderskryf net die jammerlike dominansie van Engels wat die Raad nou as norm aangryp en as verskoning gebruik ten spyte van ons eie meertalige en multikulturele demokrasie. So word Engelse dominansie verskans en forseer in 'n Suid –Afrikaanse konteks waar dit onvanpas is en anders hoort uit respek vir die diversiteit.
- 2.13 Ten spyte van die verwagte verwysing na die Raad se toegewyde verbinding tot meertaligheid, word Engels deurgaans voorgehou as die institusionele taal van die Raad vir interne en eksterne aanwending. Engels se dominante posisie in die regsberoep word hierdeur verdiep en skiet die inhoud ver kort om aan die oogmerke⁶ wat in die beleid self uitdruklik vermeld word te voldoen. Die beleid kan selfs beskou word as 'n verklaring van Engelse hegemonie, eerder as 'n beleid.
- 2.14 In hierdie opsig is dit van waarde om die kern-elemente van 'n taalbeleid hier aan te spreek. Dit is nie voldoende om 'n verbygaande melding te maak van die Raad se toegewydheid tot veeltaligheid nie. Die praktiese uitvoering moet duidelik in die beleid uiteengesit word.

³ Professor in die Departement van Nederlands en Suid-Afrikaanse Studies aan die Adam Mickiewicz Universiteit in Poznan in Pole.

⁵ Dit is ongeveer 'n kwart van die bevolking.

⁶ Paragrafe 1.3, 2.2.2 – 2.2.4, 5.2.1-5.2.4* (Laasgenoemde paragraaf is vaag en onduidelik), 5.3, 5.4 & 6.2
 ** (Laasgenoemde is egter uitgehol deur die toevoegings van "prakties" en "gerieflik")

- 2.15 Die opstel van 'n taalbeleid is 'n hoogs gespesialiseerde proses waarby die tegniese kundigheid van 'n sosiolinguïst, met 'n spesifieke bekwaamheid in taalbeplanning, geraadpleeg behoort te word om goeie taalbestuur te bewerkstellig. Die Raad se strewe na “goeie taalbestuur”⁷ word twee keer vermeld, maar die voorgestelde taalbeleid voldoen nie aan enige van die beginsels van goeie taalbestuur nie.
- 2.16 Voorts word daar nie in Afdeling 3 (“DEFINITIONS”) van die tersaaklike beleid, melding gemaak van die definisie van “goeie taalbestuur” soos deur die Raad geïnterpreteer word nie.
- 2.17 Vanuit die literatuur is taalbestuur in wese onderworpe aan 'n stel sosiolinguïstiese beginsels wat tot die kern van enige taalbeplanningsaksies staan. Die oogmerk van alle taalbeplanningaksies, wat in hierdie geval vergestaltung in 'n taalbeleid kry, is om taalprobleme op te los, nie om nuwe probleme te skep nie. Volgens Neustupný⁸ se taalbeplanningsbenadering behoort makro-taalbeplanning⁹ onderneem word indien die probleem die identifisering van 'n taal(e) vir 'n spesifieke doel is. Om 'n taal(e) vir 'n spesifieke doel te identifiseer is nie 'n ligsinnige en eensydige proses nie, daar bestaan 'n akademiese studieveld getiteld, taal vir spesifieke doeleindes (*TSD – Language for Specific Purposes*)¹⁰ juis vir hierdie rede.
- 2.18 Vervolgens het Neustupný se taalbeplanningsbenadering aanleiding gegee tot die ontstaan van die klassieke taalbeplanningsbenadering sowel as die taalbestuursbenadering¹¹. Klassieke taalbeplanning omvat taalbeplanning wat op vier terreine plaasvind: status-, korpus-, taal-in-onderrig- en prestigebeplanning. Al vier hierdie terreine behoort in ag geneem word wanneer 'n taalbeleid opgestel word. Die

⁷ Paragrafe 2.2.2 en 5.2.3

⁸ Antia, B. 2000. Terminology and language planning: An alternative framework of practice and discourse. Vol. 2. Amsterdam: John Benjamin's Publishing.

Cobarrubias, J. 1983. Language planning: The State of the Art. (*In* Cobarrubias, J. & Fishman, J.A., eds. 1983. Progress in language planning: International perspectives. Berlin: Walter de Gruyter. p. 3-26).

Ricento, T. 2000. Historical and theoretical perspectives on language policy and planning. *Journal of sociolinguistics*, 4(2):196-213.

⁹ Taalbeplanning wat deur nasionale liggame onderneem word soos die Regspraktykraad.

¹⁰ Burukina, O. (2012). Legal Language: A Realm of Contradictions. *Contemporary Readings in Law & Social Justice*, 4(2):708–723.

Siddiqui, A., Sartaj, S. en Keerio, A. K. (2019). Understanding the Critical Role of Applied Linguistics with Other Disciplines of 21 st Century. *Theory and Practice in Language Studies*, 9(6): 620–624.

¹¹ Baldauf, R.B. 2012. Introduction-language planning: Where have we been? Where might we be going? *Revista Brasileira de linguística aplicada*, 12(2):233-248.

Beukes, A. 2008. Language policy implementation in South Africa: How Kempton Park's great expectations are dashed in Tshwane. *Stellenbosch papers in linguistics*, 38: 1-25.

taalbestuursbenadering fokus op deurdagte navorsing wat die identifisering van 'n taal vir spesifieke doeleindes voorafgaan, sowel as die evaluering van 'n taal sodra dit vir spesifieke doeleindes aangewend is. In praktyk stipuleer die taalbestuursbenadering dat 'n deeglike opname, oftewel taaludit, onderneem word voordat 'n taalbeleid, wat ten doel behoort te hê om 'n bepaalde gemeenskap te dien, opgestel word. Die bevindinge van só 'n opname behoort vergestaltung in 'n taalbeleid te kry.

- 2.19 Die taaludit behoort ook 'n deursigtige, inklusiewe proses te wees en deur onafhanklike taaldeskundiges gelei te word.
- 2.20 Bowendien, volgens die beginsels van goeie taalbestuur, behoort 'n taalbeleid vergesel word met 'n weldeurdagte implementeringstrategie. Die bestaan van 'n taalbeleid veronderstel nie noodwendig die implementering daarvan nie¹², dus is 'n implementeringstrategie met bepaalde en gestandaardiseerde beginsels¹³ noodsaaklik.
- 2.21 Laastens behoort daar, sodra die beleid geïmplementeer is, deurlopende evaluering (in die vorm van opnames) gedoen word om vas te stel of die beginsels soos vervat in die taalbeleid wel in die praktyk uitvoering geniet.
- 2.22 Hierdie uitgebreide verduideliking het nie ten doel om vir die leser 'n akademiese les in taalbeplanning te gee nie, maar eerder om aan te toon dat die opstel van 'n taalbeleid nie 'n oppervlakkige proses is wat op makrovlak sonder die raadgewing van 'n kundige op die terrein, op burgerlikes afgedwing kan word nie.
- 2.23 Data van studies¹⁴ soortgelyk aan die voorgestelde taaludit het, in teenstelling met sommige paragrawe van die Raad se voorgestelde taalbeleid, die volgende getoon:

¹² Spolsky, B. 2004. Language policy. Cambridge: Cambridge University Press.

¹³ Webb, V. 2006. On a normative approach to language planning in South Africa. (In Webb, V.N. & Du Plessis, T., eds. 2006. The politics of language in South Africa. Pretoria: Van Schaik. p. 147-163).

¹⁴ De Vries, A. and Docrat, Z. (2018). Attorneys' experiences of the use of multilingualism in South African legal system. In *New Frontiers in Forensic Linguistics- Themes and Perspectives in language and the law*: 131-154. Geredigeer deur Ralarala, M.K., Kaschula, R.H en Heydon, G. Bloemfontein: African SUN Media.

De Vries, A., Docrat, Z. and Kaschula, R.H. (2020). Why using just one language in South Africa's courts is a problem. The Conversation. Available from: <https://theconversation.com/why-using-just-one-language-in-south-africas-courts-is-a-problem-134911>

De Vries, A. (2020). Regsgeleerdes se beskouings van die rol van veeltaligheid in die Suid-Afrikaanse regspraktyk: 'n studie in toegepaste linguïstiek. Doctoral Thesis. Johannesburg: University of Johannesburg (Unpublished).

Afdeling en inhoud van voorgestelde taalbeleid	Navorser se kommentaar óf relevante bevindinge van data
<i>Afdeling 1: "INTRODUCTION"</i>	
<p>1.2 ... create a single unified statutory body to regulate the affairs of all legal practitioners and all candidate legal practitioners in pursuit of the goal of an accountable, efficient and independent legal profession;</p> <p>protect and promote the public interest</p> <p>1.3 The objects of the LPC are to, inter alia:-</p> <p>facilitate the realisation of the goal of a transformed and restructured legal profession that is accountable, efficient and independent;</p> <p>The objects of the LPC are to, inter alia:-</p> <p>promote access to the legal profession, in pursuit of a legal profession that broadly reflects the demographics of the Republic;</p>	<p>Eentaligheid in die regsberoep is nie in die openbare belang nie want dit verteenwoordig nie die land se demografie nie, dit veroorsaak dat die regsberoep nie verantwoordbaar, doeltreffend en onafhanklik is nie en dat toegang tot die regsberoep belemmer word:</p> <p>Volgens die algemene huishoudelike opname van 2018 praat slegs 8,1% van Suid-Afrikane Engels tuis, wat dit maar die sesde mees algemene taal in Suid-Afrika maak. In 'n ondersoek oor taal deur Regshulp Suid-Afrika in 2016, is daar aangedui dat slegs 27% van aansoekers in strafregtelike sake wat van regshulp deur die staat gebruik maak, Engels op 'n bevredigende vlak lees en skryf, terwyl 'n gemiddeld 54,2% van die aansoekers in strafregtelike sake min of geen kennis van Engels as kommunikasiemedium het nie.</p> <p>Resultate van fase 1 van data-insameling (2020 prokureurs)</p> <p>Die meerderheid van respondente beskou meertaligheid as 'n sleutelfaktor in die transformasie van die regsberoep.</p> <p>71% van respondente stem saam dat meertaligheid in die regsberoep voordelig is en voel dit is noodsaaklik om 'n inheemse Suid-Afrikaanse taal aan te leer.</p> <p>75% van respondente glo dit is in die beste belang van die kliënt om in sy/haar huistaal met hom/haar te konsulteer.</p> <p>58% meen dat dit verwarrend vir 'n kliënt is indien 'n prokureur nie in sy/haar huistaal litigeer nie.</p> <p>Resultate van fase 4 van data-insameling</p>

	<p>(123 prokureurs- verbatim-aanhaling):</p> <p><i>“In the rural areas, the magistrate and the people are Zulu, so why should you speak English. It has to be in the public’s interest.”</i></p> <p>Resultate van fase 4 van data-insameling (3 regters):</p> <p>Verbatim-aanhaling van regters:</p> <p>Respondent 1: <i>Daar is ten minste in elke hofsaak drie bakens, dis die judge, dis die advokaat vir die eiser en die advokaat vir die verweerder of die advokaat vir die beskuldigde of die advokaat vir die aanklaer. Nou as daai drie mense mekaar nie verstaan nie, is hier ’n train mash op pad, want ek meen die regter het ’n klagstaat voor hom wat A, B en C sê, die aanklaer dink miskien daar is iets anders wat met ’n mindere klag of ’n soortgelyke klag verband hou uhm... en die verdedigingsadvokaat is besig met heeltemal iets anderste wat hy op sy mind het want hulle verstaan mekaar nie... nou hoe kan dit ooit ’n regverdige, ’n billike verhoor daarstel? Dis mos nie moontlik nie.</i></p> <p>Respondent 3: <i>The civil law system has many language barriers especially with persons who have faltered on bond repayments. As you know, in the summons, they are provided with an opportunity to come to court and provide reasons why they have defaulted and so forth. The language barrier arises where these litigants cannot speak English and come to court unrepresented. If you require an interpreter you have to pay. People cannot afford this so they decide to do it themselves.</i></p>
<p>1.4 The LPC recognises that the legal practitioners and candidate legal practitioners who are regulated by it form part of the rich multicultural and multilingual tapestry of South Africa.</p>	<p>Die feit dat die Raad erken dat regspraktisyns deel is van Suid-Afrika se ryk multikulturele tapisserie, maak hulle deel van die Suid-Afrikaanse demografie waar Engels nie die eerste taal is van meeste mense nie, insluitend regspraktisyns. Dít is wat ’n regter oor die Engelse vaardigheid van regspraktisyns te sê gehad het (verbatim aanhaling):</p> <p>Respondent 3: <i>You can always see when a legal representative is at a disadvantage from the papers they have drafted or their</i></p>

	<p><i>communication with you, where you have to tone down your own level of English where you are not understood. I therefore need to be conscious of the level of English I speak so the person I am communicating with is not disadvantaged.</i></p>
<p><i>Afdeling 2: “SCOPE AND OBJECTIVE OF THE POLICY”</i></p>	
<p>2.2.3 The purpose of the policy is to:</p> <p>... demonstrate support for the promotion of language equity and language rights and in this regard to accommodate and encourage linguistic diversity and multilingualism particularly at the interface with members of the public and in relation to the lodgement of complaints against legal practitioners and candidate legal practitioners</p>	<p>Die feit dat Engelse eentaligheid voorgestel word om gelykheid en die vergestaltung van taalregte tot stand te bring is opsigself teenstrydig.</p> <p>Een van die respondente van fase vier van data-insameling sluit hierby aan (verbatim-aanhaling):</p> <p>Respondent 3: <i>The Pienaar</i>¹⁵ case advanced the unfair element of not fully explaining to the accused his rights to have another legal representative appointed who can communicate with him in his mother tongue. It also points to the fact that Legal Aid should perhaps formulate language policy where legal representatives have to speak an indigenous language or they have interpreters employed to assist these legal practitioners.</p> <p>Resultate van fase 1 van data-insameling (2020 prokureurs)</p> <p>54% van respondente het aangetoon dat hulle al kommunikasieprobleme met hulle kliënte ervaar het omdat hulle nie mekaar se taal behoorlik verstaan nie.</p>
<p><i>Afdeling 5: “THE POLICY”</i></p>	
<p>5.6 The LPC’s policy is also informed by the fact that English is the language of record in court proceedings and the predominant language used in business, international law and politics, commerce and industry.</p>	<p>Hoewel Engels die enigste taal van rekord is, is dit steeds nie amptelik aangekondig nie:</p> <p>Resultate van fase 4 van data-insameling (3 regters):</p> <p>Verbatim-aanhaling van regter:</p>

¹⁵ State v Pienaar 2000 (2) SACR 143 (NC).

Respondent 2: *Ek meen daar was glad nie (sic) 'n uitspraak nie. Soos ek dit verstaan, het die jaarlikse vergadering van die "Heads of Court" wat ongeveer 2 of 3 jaar gelede in Kaapstad vergader het, besluit dat Engels voortaan die hoftaal in die Hooggeregshof sou wees. Die Hoofregter het, soos ek verstaan, as voorsitter van die vergadering opgetree. **M.i. is dit 'n totaal-onwettige besluit, omdat dit m.i. ultra vires die magte en /of bevoegdhede van die sg. Hoofde van Howe is om so iets te besluit.** Gemelde Hoofde is, volgens my wete, 'n bloot informele liggaam bestaande uit die Hoofregter en die Regters-President of hulle Adjunkte. Hul doel is, blykbaar om aangeleenthede rakende die Regters en regspraktisyns in die verskillende afdelings van die Hooggeregshof, met mekaar te bespreek en informele besluite daarvoor te neem. Dit kan mens m.i. aflei uit die besluite van vorige vergaderings van hierdie regters. M.i. sou 'n "besluit" dat Engels voortaan die enigste hoftaal in die Hooggeregshof sou wees, dus heeltemal ultra vires wees. Trouens, tot my kennis, is dit, sover ek weet, nooit eers bekendgemaak dat so 'n besluit geneem is nie, of wat die bewoording van die besluit is nie.*

Respondent 3: *Yes, **it is not official...***

Respondente het twee probleme uitgelig wat ontstaan omdat Engels die enigste taal van rekord is. Eerstens is respondente onseker of die rekord wel 'n ware weerspieëling van hofgebeure is. Die feit dat daar nie werklik kontrole is oor die gehalte van dit wat op rekord staan teenoor dit wat in die hof gesê is nie, is 'n groot bron van kommer vir die respondente. Tweedens noem respondent een dat die ontwikkeling van inheemse reg byna onmoontlik is indien dit slegs in Engels gedokumenteer word. Omdat sake met betrekking tot inheemse reg slegs in Engels opgeskryf word en Engels nie noodwendig voorsiening maak vir die kulturele nuanses van inheemse kulture nie, word hierdie regsterme nie gestandaardiseer nie wat dan problematies is vir enige vooruitgang in hierdie veld.

Afdeling 6: “COMPLAINTS MECHANISM FOR COMPLAINTS OF MISCONDUCT”

6.2 Based on the importance of promoting the use and development of all the official languages and in order to facilitate the manner in which members of the public may lodge complaints at the LPC’s Provincial Councils, the LPC will, in addition to English, **seek to ensure that it is able to receive and interpret complaints from members of the public in other official languages** to the extent that this may be practicable and convenient according to the means and abilities that are present in the provincial office of the LPC concerned.

6.3 This service will be provided by Provincial Council employees **who are multilingual and not by formal language practitioners or interpreters.**

Paragraaf 6.2 en 6.3 is kommerwekkend omdat die beleid duidelik stipuleer dat klagtes wat deur die publiek gelê word deur werknemers van die Raad self vertaal word. Hierdie werknemers moet slegs tweetalig in die tersaaklike tale wees en oor geen formele taalpraktykkennis beskik nie.

Een van die temas wat in al die fases van data-insameling duidelik na vore gekom het is die nadelige gevolge van waninterpretasie tydens regsprosedures.

Resultate van fase 1 van data-insameling (2020 prokureurs)

63% van respondente het gesê dat hulle al ervaar het dat tolke se vertalings verwarring veroorsaak het tydens hofverrigtinge.

63% van respondente het gesê dat hulle al gevind het dat tydens die vertaalproses regskonsepte nie binne konteks korrek vertaal is nie.

Resultate van fase 2 van data-insameling (123 prokureurs – verbatim aanhaling):

“Ek adviseur ook my kliënte om onder geen omstandighede in Engels te getuig nie, want dit is nie jou eerste taal nie en daar word elke woord uitmekaar getrek. ’n Goeie voorbeeld, een van my kliënte het in Engels getuig by die CCMA en hy was Afrikaans. Ek het vir hom gesê om in Afrikaans te getuig en as hulle nie verstaan nie, kan hulle ’n plan maak. Toe sê hy nee hy gaan Engels praat. Nou sê hy “let me rectify” maar wat hy eintlik wou sê is “let me clarify”. So hy is nou besig om getuienis aan te pas en dis net ’n eenvoudige taalfout.”

Resultate van fase 3 van data-insameling (14 hoftolke – verbatim aanhaling):

Yes, a friend of mine asked me to come to court as she understood a bit of English and had the feeling the Court interpreter was not conveying the right message or was not fully interpreting was was [sic] said. Indeed this “translator” was not taking any notes, forgot half of what was said and was 5 spoken sentences in source language became only 1

into the target language. Register was not taken into account, tone of voice (anger and frustration or despair [sic] was not conveyed. Monotonous inaudible voice. Inaccurate message

Respondente is dit eens dat die effek van geen of swak tolking, wanneer daar verskillende taalsprekers ter sprake is, uiters nadelig vir die geregtelike uitkoms van enige hofsaak kan wees. Respondente het woorde en frases gebruik om die effek van geen of swak hoftolking te beskryf soos:

- Onregmatige skuldigbevindings of die vrylating van skuldige misdadigers.
- Onregverdig
- 'n Tolk het die mag om die beskuldigde te sink
- Onbillike vonnisoplegging
- Misverstande, vertragings, uitstel. Nie regverdige verhoor nie.
- Frustrasie, verwarring, herhaling van vrae, verkeerde boodskappe/inligting oorgedra word, wanbegrip wat die uitspraak kan beïnvloed/negatief kan beïnvloed en die lewens/ regter /vryheid van beweerde beskuldigdes kan beïnvloed.
- Viktimisering
- Verdraaiing van die regstelsel.
- Veroorzaak dat die regstelsel misluk.
- Ramspoedig in die uitslag/uitspraak.
- Katastrofies
- Die regte van die partye word vertrap.

Resultate van fase 4 van data-insameling (3 regters):

Respondente het voorbeelde aangedui waar tolking groot misverstande veroorsaak het. In die eerste geval is die woord "noodgeval" vertolk met "noodweer", wat enorme implikasies vir die verhoor kan inhou. In die tweede geval het 'n getuie in 'n siviele saak

	<p>getuig dat vandat hy by die tersaaklike maatskappy begin werk het die finansiële posisie van die maatskappy met “rasse skrede” verbeter het. Die teenkating se regspan, wat nie Afrikaans magtig was nie, het beswaar gemaak hierteen, en gevra wat die relevansie daarvan is om ras by die getuienis in te bring, waarna die regter, ook nie ’n Afrikaans magtig nie, hewig gereageer het. Hierdie insident het veroorsaak dat die hele saak van koers af gebring is.</p> <p>In die derde geval het die regter in ’n mediese nalatighedsaak die woord “stembande” verwar met “voting rights”, wat veroorsaak het dat die saak nie suksesvol voortgegaan het nie en die partye buite die hof geskik het.</p> <p>Laastens het respondente verwys na verkragtingsake waar Xhosa-moedertaalsprekers dikwels Xhosa-terme gebruik om na verkragting of geslagsdele te verwys. Hierdie terme word nie noodwendig korrek in Engels vertaal nie met bepaalde implikasies vir sulke sake.</p> <p>Respondente het aangedui dat geen of swak tolking die volgende gevolge kan inhou:</p> <ul style="list-style-type: none"> • “... ’n skending van geregtigheid.” • “... onregverdige en foutiewe uitsprake...” • “... swak tolkwerk die uitspraak van die hof waarskynlik sou benadeel.” • “... so I do not know if what is being interpreted is accurate.” • “... this obviously has an effect on the sentence.” • “ The language barrier arises where these litigants cannot speak English and come to court unrepresented. If you require an interpreter you have to pay. People cannot afford this so they decide to do it themselves.”
--	--

Die bostaande tabel dien as ’n voorbeeld van die resultate van ’n opname wat ten doel behoort te hê om die beleidsbepalings te (i) rig en (ii) te evalueer.

3. TERSAAKLIKE REGSOORWEGINGS:

3.1. Grondwetlike beginsels en waardes

- 3.1.1 Die Raad se verantwoordelikhede sluit onder meer in om die Suid-Afrikaanse Grondwet te eerbiedig en om regspleging te bevorder deur gehoor te gee aan die Grondwetlike waardes, beginsels en die Handves van Regte. Dit sluit egter die bevordering en beskerming van veeltaligheid onder regsgeleerders in sodat die regspraktyk die belange van die publiek doeltreffend kan dien. Die belangrike punt hier is dat die Raad se grondwetlike verantwoordelikheid teenoor veeltaligheid strek verder as bloot die regspraktisyns wat onder die gesag van die Raad dien. Die Raad se verantwoordelikheid om veeltaligheid te bevorder behels dus ook om toegang tot ons howe deur die breër publiek te verbeter.
- 3.1.2 Hiermee saam berus 'n grondwetlike verpligting op die Raad om ingevolge artikel 9 van die Grondwet nie onbillik direk of indirek teen enige persoon te diskrimineer op grond van enige eienskap soos gelys in artikel 9(3) nie. Dit sluit ondermeer om nie onbillik teen enige persoon te diskrimineer op grond van hul taal nie. Verder bied die Grondwet beskerming in artikel 30 vir elke persoon of die taal van hul eie keuse te gebruik. Die grondwetlike verantwoordelikheid van die Raad om veeltaligheid te bevorder word dus nie deur 'n enkele bepaling gerugsteun nie. Die grondwet plaas 'n positiewe verpligting op instansies soos die Raad veeltaligheid te bevorder. Weereens verwys ons na die taalbeleid van die Regshulpraad as beter voorbeeld.
- 3.1.3 Die grondwetlike verpligting om veeltaligheid te beskerm loop verder hand aan hand met die grondwetlike waarde van diversiteit asook die bepalings van artikel 6 van die Grondwet. . Die verpligting word egter verder beaam deur die aanhef van verskeie ander nasionale wetgewing, insluitende die *Gebruik van Amptelike Tale Wet, 12 van 2012*. Die wetgewing is in die lewe geroep om effek te gee aan die grondwetlike pligte van die nasionale regering en staatsorgane om ingevolge artikels 6(3) en 6(4) te sorg dat alle amptelike tale eiewaarde moet geniet en billik behandel moet word.

3.2. Rasionaliteit van taalbeleid

- 3.2.1 Dit blyk uit die konsep taalbeleid dat die Raad uit die staanspoor nie oorweging geskenk het aan enige insette van die breër gemeenskap van regsgeleerdes nie. Gegewe die belangrikheid van taal in die regsberoep behoort alle insette oorweeg te word. Soos vroeër na verwys behoort 'n volledige taalbeleid ondersoek geloods te word om alle belanghebbende prokureurs, advokate, kandidaat regspraktisyns en pupille se insette in te samel alvorens 'n konsepbeleid geformuleer word. Hieronder versuim die Raad in sy plig om behoorlike openbare deelname te fasiliteer en sal enige gevolglike besluit oor 'n nuwe taalbeleid, ongeag wat die taalbeleid inhoudelik behels, irrasioneel en prosedureel gebrekkig wees.
- 3.2.2 Bloot deur oppervlakkige *prima facie* navorsing blyk dit duidelik dat die Raad geen oorweging skenk aan die demografie van Suid-Afrika, en meer besonder die demografie van elke onderskeie provinsie waar die Raad provinsiale strukture in plek het nie. Byvoorbeeld, volgens die laaste sensus van 2011 praat slegs 9.6% van Suid-Afrikaners Engels as huistaal.¹⁶ Met ander woorde meer as 90.4% van die land se bevolking se huistaal is nie Engels nie. Die voorgestelde taalbeleid van die Raad verskaf geen rede oor hoekom juis Engels as amptelike en enigste taal aangeneem word nie buiten die bepaling in paragraaf 5.6 dat Engels na bewering as hoftaal aangeneem is nie. Om uitsluitlik hierop staat te maak is uiters problematies weens die volgende twee redes:
- 3.2.3 Eerstens, geen bindende en regsgeldige besluit om Engels as amptelike hoftaal aan te neem bestaan nie. Die taalbeleid verwys ook nie na die beweerde besluit wat Engels af hoftaal aan te neem nie. Die Regsgilde glo dit is weens die feit dat geen so 'n besluit bestaan nie. Die Regsgilde is self nie bewus van so 'n bindende besluit nie.

¹⁶ Census 2011 Census in brief / Statistics South Africa

3.2.4 Tweedens, die besluit van die Raad om Engels as praktykstaal aan te neem gegrond op die beweerde besluit om slegs Engels in ons howe te gebruik slaag nie die rasionaliteits toets nie. Die beweerde besluit om Engels as uitsluitlike hoftaal aan te neem behoort vir bepaalde redes met betrekking tot die funksionering van ons howe geneem te word. Die Raad kan nie rugsteun op die rasionaliteit van 'n ander besluit om die huidige besluit te regverdig nie. Die Raad behoort, gegewe die unieke omstandighede en rol van die Raad as regulatoriese liggaam, op eie meriete hul taalbeleid te oorweeg.

4. SPESIFIEKE KOMMENTAAR OP KONSEP TAALBELEID:

4.1. Ad paragraaf 1

Daar word kennis geneem van die paragraaf.

4.2. Ad paragraaf 2

4.2.1 Daar word kennis geneem dat die beleid toepaslik is op verskeie amptenare, werknemers en verkose lede van die Raad¹⁷.

4.2.2 Die oogmerk van die beleid¹⁸ vat egter die kern-vertrekpunte saam waarvandaan praktiese vergestaltung moet vloei. Dit is juis op hierdie punte waar daar verskeie teenstrydighede na vore kom.

4.2.3 Daar word uitdruklik oogmerke vermeld, waarna die reeks kwalifikasies die oogmerke uiteindelik in geheel negeer.

¹⁷ Paragraaf 2.1

¹⁸ Paragrafe 2.2 – 2.2.4.2

- 4.2.4 Op gesigwaarde, word dit verwelkom dat interne en eksterne kommunikasie¹⁹ verbeter moet word, dat gesonde taalbestuur²⁰ die verwagte en behoeftes van belanghebbendes ontmoet, en dat veeltaligheid aangemoedig en ge-akkomodeer²¹ moet word.
- 4.2.5 Wat egter in geheel ontbreek is pro-aktiewe wyses om hierdie oogmerke te verwesenlik.
- 4.2.6 Die reeks kwalifikasies²² plaas 'n tipiese negatiewe realisering van die oogmerke, met geen klem op ontwikkeling nie. Die dominante posisie van Engels word net verdiep wanneer die Raad 'enige' amptelike taal kan gebruik onderworpe aan praktiese oorwegings, uitgawes, en die behoeftes van die 'bevolking' of provinsies. Dit onduidelik en vaag omskryf wat geen praktiese wyse daarstel nie.
- 4.2.7 So ook die verwysing na 'redelike maatstawwe'²³ in verwysing na die gematigde realisering van artikel 30 van die Grondwet²⁴ - maar dat 'almal' hierdie reg nie mag gebruik op 'n wyse wat nie strook met die Handves van Menseregte nie. Dit is onduidelik of die Raad die gebruik van taal in die regsberoep gaan polisieer of reguleer, en waar hierdie bevoegdheid gesetel sal wees?

4.3. Ad paragraaf 3 & 4

Daar word kennis geneem van die definisies, alhoewel dit sterk aangevoer word dat die aflê van prokureur-akte-en-notariële eksamens in Afrikaans en Engels gewaarborg moet word. Daarmee saam, dat die Raad verbind word tot om ander amptelike tale te bevorder.

¹⁹ Paragraaf 2.2.1

²⁰ Paragraaf 2.2.2

²¹ Paragraaf 2.2.3

²² Paragraaf 2.2.4.1 - .2.2.4.2

²³ Paragraaf 2.2.4.2

²⁴ Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

4.4. Ad paragraaf 5

Kommentaar reeds hierbo gedoen onder paragrawe 2 en 3 is dan ook hier van toepassing.

4.5. Ad Paragraaf 6

Kommentaar reeds hierbo gedoen onder paragrawe 2 en 3 is dan ook hier van toepassing.

5. **AANBEVELINGS :**

5.1 Op sterkte van die reeks tekortkominge in die beleid, is dit die aanbeveling dat die konsep taalbeleid nie aangeneem word nie.

5.2 Dat die Raad die volgende stappe sal volg:

5.2.1 Dat daar in oorleg met 'n span onafhanklike kundiges in die veld van sosiolinguistiek en forensiese linguistiek 'n volledige taaloudit gedoen word.

5.2.2 Dat 'n taalplan opgestel word waarin die (i) bevindinge van die resultate van die taaloudit vergestaltung vind en (ii) die sosiolinguistiese beginsels van die opstel van 'n taalbeleid in ag geneem word.

5.2.3 Dat die taalbeleid vergesel word met 'n weldeurdagte beleidsimplementeringplan.

5.2.4 Dat daar na afloop van die implementering van die taalbeleid deurlopende evaluasies onderneem word om die suksesvolle uitvoering van die beginsels van die taalbeleid te bepaal.
